# Completed research / Voltooide navorsing

## Du Plooy, H.J.G. 1984. *Verhaalteorie in die Twintigste Eeu. Sintese en Toepassing.* D. Litt. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

In hierdie werk word die belangrikste teoretiese beskouinge oor stories en verhale wat in die twintigste eeu die lig gesien het, bymekaargebring en ondersoek. Daar word nie gekyk na die ontwikkeling van stories of verhale as sodanig nie, maar wel na die ontwikkeling van die teorieë oor dié vorme in die loop van hierdie eeu.

Die werk is oorwegend teoreties en probeer om 'n bydrae te maak tot die beoefening van die literatuurwetenskap in Afrikaans. Daar is min oorspronklike verhaalteorie geskryf in Afrikaans en relatief ook min oor die verhaalteorieë wat in ander lande en in ander tale geskryf is. Omdat die Afrikaner graag 'n storieverteller is en daar soveel verhalende tekste in Afrikaans bestaan, is dit verantwoord om oor die teorie van verhale in Afrikaans te skryf en te besin.

Die doel van die proefskrif is om die belangrikste en rigtinggewende verhaalteorieë en verhaalteoretiese begrippe van die twintigste eeu te beskryf en te bespreek, sodat soveel moontlik teoretiese insigte en terme toeganklik kan wees vir gebruik in die ontsluiting van verhalende tekste. Daar bestaan ook onduidelikheid oor baie terme wat gebruik word. In 'n poging om in sekere gevalle die terminologiese verwarring op te klaar, is daar so ver moontlik van primêre bronne gebruik gemaak om seker te maak dat 'n term vanaf sy oorspronklike definisie deur al die latere aanpassings duidelik bly.

In die boek word verhaalteorie uit die tradisionele Anglo-Amerikaanse literêre teorie en kritiek bespreek. Die bydrae tot die verhaalteorie van die Russiese Formaliste, die Tsjeggiese Strukturalisme, die semiotiek in die Sowjet-unie, Wes-Europa en Amerika, die Franse Strukturalisme, die tradisionele Duitse literatuurwetenskap en die resepsie-estetika word ondersoek. Al hierdie strominge het 'n bepaalde neerslag gevind in die groot verskeidenheid kontemporêre teorieë wat teenswoordig langs mekaar en gelyktydig uitgebou en gebruik word deur literatore en studente oor die wêreld.

Die teorieë word nie net weergegee nie, maar ook bespreek ten opsigte van winste en leemtes. Die verband tussen die verskillende teorieë word ook aangetoon. Die stof is gerangskik volgens die ontwikkeling van die verhaalteorie in 'n bepaalde land en 'n min of meer chronologiese patroon is binne elke hoofstuk probeer behou. Sekere belangrike literatore of literatuurwetenskaplikes se werk en uitsprake is telkens as uitgangspunt geneem, maar die fokus val deurgaans op verhaalteorie, sodat ander uitsprake van sulke literatuurwetenskaplikes wat nie spesifiek oor die verhaalteorie gaan nie, ter syde gelaat is.

In die laaste hoofstuk word geïllustreer hoe die verhaalteorie as 'n instrument gebruik kan word. Deur op eklektiese wyse metodes en terme te selekteer wat die beste by 'n bepaalde teks pas en deur teorie en terme tot

groter soepelheid om te buig, word gepoog om 'n teoretiese raamwerk te skep wat die teks wat ondersoek word, nie geweld aandoen nie. *Die Kêrel van die Pêrel* word ontleed, maar die doel van toepassing is om te illustreer hoe elke teks sy eie analise bepaal en dat die hele terrein van die teorie verken moet word om op verantwoorde wyse metodes en begrippe te vind wat die beste by 'n bepaalde teks pas.

# Contributors / Medewerkers

*Dr. Heilna du Plooy* is senior lektrise in die Departement Afrikaans-Nederlands, Universiteit van Suid-Afrika, Posbus 392, Pretoria 0001. Sy het artikels oor Afrikaanse letterkunde en literêre teorie gepubliseer.

*Peter Haffter* is Professor and Head of the Department of Romance Languages, University of South Africa, P.O. Box 392, Pretoria 0001. He has published articles on literary translation and theory, and French literature. An accomplished playwright himself, he has also acted in a Dürrenmatt play.

*Hans Robert Jauss* is Professor of Literary Theory and Romance Philology at the University of Konstanz, Postfach 5560, D-7750 Konstanz 1, West Germany. He is co-editor of *Poetik und Hermeneutik* and is renowned for his works on literary theory and hermeneutics. He has also published on medieval and modern French literature.

*Pamela Ryan* is a senior lecturer in the Department of English, University of South Africa, P.O. Box 392, Pretoria 0001, and has published articles on English literature.

*Dr. Hein Viljoen* is senior lektor in die Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom 2520. Hy het artikels oor Afrikaanse letterkunde en literêre teorie asook 'n digbundel gepubliseer.